

Ouer-tiener verhoudings is belangrik

Ek tel veral by tieners die gevoel op dat hulle dink dat hulle verhoudings met hulle ouers nie so belangrik is nie. Daar is natuurlik ouers wat ook so voel. Tieners wens hulle is al uit die huis uit en ouers kan nie wag dat die tieners uit die huis uit moet kom sodat dinge rustig en meer ontspanne kan raak nie. Intussen is tieners se verhouding met hulle ouers baie belangrik, veral omdat dit die plek is waar hulle sosiale vaardighede aanleer.

Die gesin is die beste en die veiligste plek waar sosiale vaardighede aangeleer word. Veilig omdat daar tog 'n band is wat sterker is as enige ander band en waarheen 'n mens altyd terugkom al was die skermutseling hoe erg. Ek sê soms spottenderwys dat jou gesin die mense is wat vir jou lief moet bly maak nie saak wat gebeur nie.

Die volgende sosiale vaardighede kan in die gesin en die verhouding tussen ouers en tieners aangeleer word.

1. Konflikhantering.

Konflik in die gesin is gewaarborg. Geen mens is gebore met die vermoë om konflik altyd korrek te hanteer nie. Wanneer 'n tiener en sy ouers bots, word dit die ideale geleentheid om te leer hoe om konflik te hanteer. Baie kere is dit 'n probeer en tref leer proses.

2. Selfbeheersing.

Selfbeheersing is vir baie tieners een van die moeilikste sosiale vaardighede om aan te leer. Juis omdat hulle in 'n lewensfase is wat soms storm en drang genoem kan word. Buie wat soms agressie en woede insluit maak dit vir tieners moeilik, indien hulle in die gesinsopset kan aanleer om in beheer van hulle emosies te bly, sal hulle vir die res van hulle lewens die vrugte daarvan pluk.

3. Selfvertroue.

Selfvertroue het te make met die vertroue wat 'n mens in jou eie vermoëns, talente en vaardighede het. In die huisgesin leer 'n kind hierdie eienskappe ken en ontwikkel tot op die punt waar hy dit met vertroue in homself gebruik.

4. Selfhandhawing.

Selfhandhawing is die vermoë om jou mening so uit te spreek en terselfdertyd op so 'n manier by jou standpunt te hou, sonder dat die verhouding skade ly, of dat jy ter wille van die vrede jou standpunt wysig.

5. Kommunikasie.

Kommunikasie is veel meer as om jouself op 'n manier uit te druk dat ander verstaan wat jy bedoel. Goeie kommunikasie het veral ook daarmee te make dat 'n mens op so 'n manier luister dat jy verstaan wat die ander persoon bedoel het.

Geen persoon is volmaak in enige een van hierdie sosiale vaardighede nie, maar tog bly die gesin die eerste en seker die belangrikste plek waar hierdie vaardighede aangeleer word, al is dit soms deur probeer en tref, of deur 'n gesprek wat sê: Die manier waarop ek hierdie ding hanteer is nie goed nie of is nie reg nie dit maak mense seer en beskadig verhoudings, moet di nie so doen nie. Die tiener behoort begelei en gehelp te word om hierdie die sosiale vaardighede in die huis aan te leer sodat dit juis verhoudings in sy lewe verbeter